

# ONTSTAAN VAN DIE EERSTE LANDBOU- EN BOEREVERENIGINGS IN DIE KAAPKOLONIE TOT 1883

P. van Breda

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

Gedurende die negentiende eeu is in die westelike en die oostelike distrikte van die Kaapkolonie verskeie landbou- en boereverenigings gestig. Hierdie verenigings, veral die boereverenigings, se doelwitte en optrede het aansienlik van mekaar verskil afhangende daarvan of die betrokke vereniging in die westelike of die oostelike distrikte gestig is en of die lede oorwegend Afrikaans- of Engelssprekend was. Die landbou- en boereverenigings het dus binne 'n bepaalde streekverband ontstaan en gevvolglik as kampvegters vir bepaalde ekonomiese en politieke streekbelange opgetree.

Dit is belangrik dat die streekhistorikus kennis neem van die rol wat veral die boereverenigings in die ekonomiese en politieke lewe van die Kaapkolonie gespeel het. Op die wyse sal verskeie nuwe gesigspunte aan die lig kom oor 'n buitengewone kombinasie van politieke en ekonomiese strominge in die Kaapkolonie gedurende die jare sewentig en tagtig van die negentiende eeu, veral omdat die politieke en ekonomiese vraagstukke waarmee die boereverenigings hulle bemoei het 'n invloed op die denke van die koloniale Afrikaans- en Engelssprekendes uitgeoefen het. Hierdeur word die kennis van interessante jare in die geskiedenis van die Kaapkolonie aansienlik verruim, veral ook omdat daar 'n interaksie tussen sommige boereverenigings en S.J. du Toit se Afrikanerbond bestaan het.

## LANDBOUVERENIGINGS

Verskeie landbouverenigings is sedert die begin van die 19de eeu in die westelike en die oostelike distrikte van die Kolonie gestig. Die komste van die 1820-Setlaars het die stigting van landbouverenigings in die oostelike distrikte gestimuleer en teen 1832 het landbouverenigings reeds op Somerset (teenswoordige Somerset-Oos),<sup>1</sup> Uitenhage<sup>2</sup> en Graaff-Reinet<sup>3</sup> bestaan. Ook in die westelike distrikte is gedurende die eerste helfte van die 19de eeu verskeie landbouverenigings gestig waarvan die bekendste die Cape of Good Hope Agricultural Society was. Dié vereniging is in 1831 in Kaapstad gestig en in die volgende jaar is 'n tak daarvan op Stellenbosch gestig.<sup>4</sup>

Die onderstaande lys toon dat van 1800 tot 1878 landbouverenigings veel groter inslag onder boere in die oostelike as in die westelike distrikte van die Kolonie gehad het. Omdat sommige dokumente wat op die onderwerp betrekking gehad het in privaatbesit was en vermoedelik verlore geraak het, is net die name van die landbouverenigings wat met die owerheid gekorrespondeer het — die vroegste datum van korrespondensie tussen die owerheid en die verenigings word tussen hakies aangedui — in die lys opgeneem:

**Oostelike distrikte:** Adelaide<sup>5</sup> (1861), Aliwal-Noord<sup>6</sup> (1878), Albany<sup>7</sup> (1850), Alice<sup>8</sup> (1861), Bathurst<sup>9</sup> (1850),

1. Kaapse Argiefbewaarplek (KAB), Kaapstad C.O. 292 Sundry Committees: Secretary Somerset Agricultural Society — Sir Plasket, 28.3.1826, no. 12.
2. KAB, C.O. 324 Sundry Committees: Secretary Uitenhage Agricultural Society — Gen. R. Bourke, February 1827, no. 6.
3. KAB, C.O. 385 Sundry Committees: T. Perry — Col. J. Bell, 5.2.1832, no. 33.
4. *Ibid*: Secretary of the Committee — Col. J. Bell, 10.12.1831, no. 22, Secretary of the Committee — Col. J. Bell, 21.11.1832, no. 36.
5. KAB, C.O. 783 Sundry Committees: Commissioner of Fort Beaufort and Bedford — Colonial Secretary, 16.1.1861, no. 12.
6. KAB, C.O. 4708 Circular (separate): Return and replies to circular dated 5.12.1878.
7. KAB, C.O. 596 Sundry Committees: J. Franklin — Secretary to the Governor 8.8.1850, no. 123.
8. KAB, C.O. 783 Sundry Committees: Chairman — Acting Colonial Secretary, 4.1.1861, no. 1.
- Beaufort<sup>10</sup> (1864), Bedford<sup>11</sup> (1860), Burghersdorp<sup>12</sup> (1860), Colesberg<sup>13</sup> (1860), Cradock<sup>14</sup> (1861), Grahamstad<sup>15</sup> (1850), Fort Beaufort<sup>16</sup> (1860), Graaff-Reinet<sup>17</sup> (1832), Hope Town<sup>18</sup> (1878), Humansdorp<sup>19</sup> (1860), Kaffrarian<sup>20</sup> (1867), Peddie<sup>21</sup> (1860), Port Elizabeth<sup>22</sup> (1864), Oos-Londen<sup>23</sup> (1867), Queenstown<sup>24</sup> (1860), Richmond<sup>25</sup> (1858), Somerset<sup>26</sup> (1826), Stockenstrofn<sup>27</sup> (1863), Uitenhage<sup>28</sup> (1827), Uitenhage en Albany<sup>29</sup> (1850), Uitenhage en Port Elizabeth<sup>30</sup> (1863), Victoria<sup>31</sup> (1857), en Woodhouse<sup>32</sup> (1878).
9. KAB, C.O. 596 Sundry Committees: Secretary — Sir H.G.W. Smith, 1850, no. 127.
10. KAB, C.O. 824 Sundry Committees: Secretary — Colonial Secretary, 25.10.1864, no. 186.
11. KAB, C.O. 766 Sundry Committees: Secretary — Colonial Secretary, 3.1.1860, no. 1.
12. *Ibid*: Mensch — Colonial Secretary, 9.1.1860, no. 4.
13. KAB, C.O. 766 Sundry Committees: Distribution of grant for 1860, 7.2.1860, no. 25.
14. KAB, C.O. 783 Sundry Committees: R. Kidd — Colonial Secretary, 5.2.1861, no. 32.
15. KAB, C.O. 596 Sundry Committees: J.S. Franklin — Colonial Secretary, 8.8.1850, no. 123.
16. KAB, C.O. 766 Sundry Committees: Secretary — R.W. Rawson, 3.1.1860, no. 1.
17. KAB, C.O. 385 Sundry Committees: T. Perry — Col. Bell, 5.2.1832, no. 33.
18. KAB, C.O. 4708 Circular (separate): Return and replies to circular dated 5.12.1878.
19. KAB, C.O. 766 Sundry Committees: Chairman — Colonial Secretary, 3.4.1860, no. 63.
20. KAB, C.O. 878 Sundry Committees: Chairman — Colonial Secretary, 13.12.1867, no. 326.
21. KAB, C.O. 766 Sundry Committees: Circular of grant, 2.2.1860, no. 22.
22. KAB, C.O. 824 Sundry Committees: Secretary — Colonial Secretary, 7.12.1864, no. 203.
23. KAB, C.O. 878 Sundry Committees: Secretary — Colonial Secretary, 8.2.1867, no. 76.
24. KAB, C.O. 766 Sundry Committees: Hutchens — R.W. Rawson, 11.2.1860, no. 6.
25. KAB, C.O. 894 Sundry Committees: Secretary — Colonial Secretary, 15.1.1858, no. 35.
26. KAB, C.O. 292 Sundry Committees: Secretary — Sir Plasket, 29.3.1826, no. 12.
27. KAB, C.O. 5328 Letters despatched miscellaneous: Colonial Secretary — Secretary, 18.11.1863, p. 287.
28. KAB, C.O. 324 Sundry Committees: Secretary — R. Bourke, February 1827, no. 6.
29. KAB, C.O. 596 Sundry Committees: J.E. Martin — J. Montagu, 23.3.1850, no. 79.
30. KAB, C.O. 839 Sundry Committees: Secretary — Colonial Secretary, 13.1.1863, no. 9.
31. KAB, C.O. 706 Sundry Committees: R. Painter — G. Grey, 26.6.1857, no. 119.
32. KAB, C.O. 4708 Circular (separate): Return and replies to circular dated 5.12.1878.
33. KAB, C.O. 560 Sundry Committees: Secretary — I. Montagu, 18.5.1847, no. 42.
34. KAB, C.O. 385 Sundry Committees: Secretary — I. Bell, 10.12.1831, no. 22.
35. KAB, C.O. 748 Sundry Committees: Wolfe — Colonial Secretary, 2.3.1859, no. 48.

Groote Post<sup>37</sup> (1807), Mosselbaai<sup>38</sup> (1865), Paarl<sup>39</sup> (1858), Riversdal<sup>40</sup> (1857), Stellenbosch<sup>41</sup> (1832), Swellendam<sup>42</sup> (1842), en Worcester<sup>43</sup> (1853).

Dat 'n kleiner getal landbouverenigings in die westelike as in die oostelike distrikte van die Kolonie gestig is, was moontlik die gevolg van die feit dat die oorwegend Afrikaanssprekende boere van die westelike distrikte hierdie verenigings as instrumente van die Engelssprekende owerheid beskou het. Dié verenigings het naamlik selde regeringsbeleid gekritiseer, aangesien hulle vernaamste bron van inkomste uit skenkings van die owerheid bestaan het.<sup>44</sup> Hierdie feit word verder onderstreep deur die hoeveelheid tyd en geld wat die regering bestee het aan die stigting van nuwe en die uitbouing van bestaande landbouverenigings in die oorwegend Engelssprekende oostelike distrikte. In dié verband het die regering gereeld met siviele kommissarisse in die oostelike distrikte geskakel.<sup>45</sup> Ruim finansiële bystand is ook deur die owerheid aan landbouverenigings in die oostelike distrikte verleen. In 1863 het die Bedford Agricultural Society byvoorbeeld £150 van die owerheid ontvang.<sup>46</sup>

Die landbouverenigings in die westelike en die oostelike distrikte van die Kolonie het beperkte ekonomiese doelwitte gehad en hulle belangrikste doelwit was die bevordering van die landbou. In dié verband het landbouverenigings hulle hoofsaaklik ten doel gestel om landboumetodes te verbeter en om landboutentoonstellings te organiseer.<sup>47</sup> Teen die jare sewentig van die 19de eeu het die belangstelling van Afrikaans- en Engelssprekende boere in die werksaamhede van landbouverenigings in die Kolonie 'n laagtepunt bereik, veral omdat die boere van oordeel was dat dié verenigings deur die regering gemanipuleer was.<sup>48</sup> Die skeptisisme waarmee die boere landbouverenigings bejeën het, het veroorsaak dat die initiatief om sulke verenigings te stig uiteindelik uitsluitlik deur die staat geneem is.<sup>49</sup>

## BOEREVERENIGINGS

### (a) Oostelike distrikte

Die uiteindelike mislukking van landbouverenigings het by baie boere in die westelike en die oostelike distrikte die begeerde laat ontstaan om boereverenigings te stig wat alle belang van die boere sou bevorder, ook hul politieke belang. Die eerste boereverenigings in die Kolonie is deur boere van die oostelike distrikte gestig. Sommige van die boereverenigings, soos byvoorbeeld die een op King William's Town, het ontstaan nadat bestaande landbouverenigings herorganiseer is.<sup>50</sup>

Alhoewel die boereverenigings in die oostelike distrikte aanvanklik heeltemal onafhanklik van mekaar bestaan het, kan twee soorte boereverenigings duidelik onderskei word. Die eerste groep verenigings is deur die 1820-Setlaars, hulle afstammelinge en ander Engelssprekendes gestig. In algemene literatuur word daarna dikwels as die Engelstalige boereverenigings verwys.<sup>51</sup>

In 1876 het afgevaardigdes van verskeie Engelstalige boereverenigings 'n kongres op Queenstown bygewoon.<sup>52</sup> 'n Analise van die besluite wat op die kongres geneem is, toon dat die verenigings hulle met 'n wye spektrum van ekonomiese en politieke vraagstukke bemoei het. Daar is onder meer groot prominensie aan die Transvaliese Onafhanklikheidsoorlog (1880-1881) en rasse-aangeleenthede verleen.<sup>53</sup> Die Engelstalige boereverenigings het vinnig veld gewen en in 1883 het 30 afgevaardigdes van elf verenigings 'n kongres op Fort Beaufort bygewoon. Die elf verenigings was Bathurst, Bedford, Cathcart, Fort Beaufort, King William's Town,

Queenstown, Stockenstrom, Stutterheim, Upper Albany, Lower Albany en Victoria East Farmers' Association.<sup>54</sup> 'n Soortgelyke kongres is in 1885 op Cathcart gehou.<sup>55</sup> Die afgevaardigdes van die boereverenigings wat genoemde kongresse bygewoon het, het die kern van die Progresiewe Party gevorm wat in September 1892 gestig is.<sup>56</sup>

Die tweede groep boereverenigings in die oostelike distrikte van die Kolonie is deur Afrikaanssprekende boere gestig nadat die drang by hulle ontstaan het om boereverenigings te stig soortgelyk aan die Engelstalige boereverenigings.<sup>57</sup> Die meeste van die Afrikaanstalige boereverenigings het om ekonomiese redes ontstaan, maar kan tog as die eerste uitdrukking van 'n samehorrigheidsgevoel, 'n organisasiedrang en 'n nasionale ontwaking by die Afrikaners in die oostelike deel van die Kolonie beskou word. In dié verband het *Het Volksblad* in 1879 verklaar dat die Afrikaanstalige boereverenigings in die oostelike distrikte gestig is met die doel om die bedingsposisie van die Afrikaners op die politieke terrein uit te bou;<sup>58</sup> iets wat nie binne die konteks van die bestaande landbouverenigings moontlik was nie.

Verskeie skrywers en historici is vermoedelik verkeerdelik van oordeel dat die eerste Afrikaanstalige boerevereniging in Oktober 1873 op Middelburg gestig is.<sup>59</sup> Reeds

- 36. KAB, C.O. 729 Sundry Committees: B. Granville — R.W. Rawson, 5.6.1858, no. 104.
- 37. KAB, C.O. 5 Sundry Committees: Statement signed by B. van Blerk, 29.2.1807, no. 6.
- 38. KAB, C.O. 839 Sundry Committees: Grant for 1865, 3.10.1865, no. 214.
- 39. KAB, C.O. 729 Sundry Committees: Requesting aid, 15.12.1858, no. 223.
- 40. KAB, C.O. 706 Sundry Committees: Secretary — R.W. Rawson, 14.2.1857, no. 32.
- 41. KAB, C.O. 385 Sundry Committees: Secretary — Secretary to the Governor, 21.11.1832, no. 36.
- 42. KAB, C.O. 506 Sundry Committees: Reitz — G. Napier, 8.8.1842, no. 506.
- 43. KAB, C.O. 627 Sundry Committees: J.D. Hugo — Acting Secretary to the Governor, 16.3.1853, no. 89.
- 44. KAB, C.O. 4708 Circular (separate): Return and replies to circular dated 5.12.1878.
- 45. Kyk o.m. KAB, C.O. 4655 Returns and replies to circulars received: Colonial Secretary — All Secretaries of Agricultural Societies, 2.1.1860, no. 4; KAB, C.O. 5328 Letters despatched miscellaneous: Colonial Secretary — Secretary's of Agricultural Societies, 18.11.1863, p. 287.
- 46. KAB, C.O. 5328 Letters despatched miscellaneous: Colonial Office — Secretary of the Bedford Agricultural Society, 18.11.1863, p. 287.
- 47. *De Zuid-Afrikaan*, 10.10.1870 en 15.3.1873.
- 48. *The Cape Argus*, 7.5.1878; *De Zuid-Afrikaan*, 15.3.1878.
- 49. *De Suid-Afrikaan*, 18.12.1875.
- 50. *Ibid.*, 18.7.1882 en 6.9.1886.
- 51. Kyk o.m. G.D. SMIT, *Die Afrikanerbond in sy wording in die Kaapkolonie* (M.A., U.S., 1931), p. 10; E.A. WALKER (red.), *The Cambridge history of the British Empire VIII* (Cambridge, 1963), p. 502.
- 52. KAB, C.O. 5347 Letters despatched miscellaneous: Colonial Secretary — President of the Farmers' Congress, 15.8.1876, no. 4/965, p. 60.
- 53. KAB, Government House (G.H.) 23/33 Register on general despatches: H. Barkly — Earl of Carnarvon, 9.6.1876, no. 60, p. 235; KAB, G.H. 18/12 Papers received: Cathcart Farmers' Association — H. Robinson 10.1.1881; *Het Volksblad*, 26.4.1881.
- 54. *De Zuid-Afrikaan*, 14.6.1883; J.L. McCACKEN, *The Cape Parliament 1854-1910* (Oxford, 1967), p. 115; KAB, C.O. 1220 Sundry Committees: Secretary Farmers' Congress Eastern Province — Colonial Secretary, 30.6.1883, no. 124.
- 55. *De Zuid-Afrikaan*, 28.2.1885.
- 56. McCACKEN, *op. cit.*, p. 115.
- 57. SMIT, *op. cit.*; p. 10.
- 58. *Het Volksblad*, 18.12.1879.
- 59. Kyk o.m. McCACKEN, *op. cit.*, p. 110; A.J.H. VAN DER WALT, J.A. WIID en A.L. GEYER (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* (Kaapstad, 1973), p. 332.

in Desember 1868 het die *De Zuid-Afrikaan* berig dat die boerevereniging op Colesberg kort tevore sy vyfde vergadering gehou het.<sup>60</sup> Dié vereniging is aanvanklik gestig om die produksie van wol te bevorder,<sup>61</sup> maar het spoedig groot voorrang aan politieke vraagstukke verleen. Die meeste lede van dié vereniging was waarskynlik Afrikaanssprekend, aangesien die meerderheid in 1882 by die Afrikanerbond aangesluit het.<sup>62</sup> Gevolglik kan die Colesbergse Boerevereniging met 'n redelike mate van sekerheid as die eerste Afrikaanstalige boerevereniging in die oostelike distrikte beskou word.

Teen 1878 het die politieke klimaat in die Kaapkolonie die Afrikanerboere in die oostelike distrikte tot die besef gebring dat hulle landboukundige belang onafseidbaar van politieke vraagstukke is. Gevolglik is daar binne die bestek van vyf jaar talle Afrikaanstalige boereverenigings in die oostelike distrikte gestig, byvoorbeeld op Aliwal-Noord,<sup>63</sup> Maraisburg,<sup>64</sup> Britstown,<sup>65</sup> Fort Beaufort, Adelaide,<sup>66</sup> Cradock,<sup>67</sup> Somerset-Oos,<sup>68</sup> Woodhouse,<sup>69</sup> Murraysburg,<sup>70</sup> Steynsburg<sup>71</sup> en Graaf-Reinet.<sup>72</sup> Sommige van dié verenigings het as boerebeskermingsverenigings bekend gestaan. In die meeste gevalle is slegs brokkies inligting oor die doelstellings van die boereverenigings bekend, aangesien hulle konstitusies met die verloop van jare of verlore geraak het of vermoedelik steeds in die besit van privaat individue is. Dit blyk egter uit die konstitusies wat wel geraadpleeg kon word, dat al die boereverenigings daarna gestreef het om die Afrikaner se bedingsposisie op die politieke en ekonomiese terrein te verstewig.<sup>73</sup>

Aanvanklik het die Afrikaanstalige boereverenigings selde met mekaar oor sake van gemeenskaplike belang oorleg gepleeg. Daar bestaan egter verskeie voorbeeld van lede van een boerevereniging wat 'n vergadering van 'n ander boerevereniging bygewoon het.<sup>74</sup> Verskeie boereverenigings, soos byvoorbeeld dié op Maraisburg, Middelburg en Woodhouse, het gedurende die jare tagtig van die 19de eeu geprobeer om groter samewerking tussen die Afrikaanstalige boereverenigings in die oostelike distrikte van die Kolonie te bewerkstellig. Dié planne het egter almal misluk.<sup>75</sup> Die enigste sukses wat in dié verband behaal was, was in 1883 toe die Middelburgse Boerevereniging in samewerking met verskeie ander boereverenigings 'n petitie aan die Parlement in verband met die loop van treine op Sondae gestuur het.<sup>76</sup>

In Desember 1878 is die eerste tak van die belangrikste Afrikaanstalige boerevereniging in die oostelike distrikte, naamlik die Albertsche Boerebeschermingsvereniging (A.B.B.V.) gestig<sup>77</sup> deur 'n groep boere wat in die wyke Venterstad en Suurberg gewoon het. Vroeg in 1879 is 'n vergadering op Burgersdorp gehou waartydens 'n konstitusie aanvaar is en 'n distrikbestuur met D.P. van den Heever as voorsitter verkies is. Teen die einde van 1879 was daar reeds in al die wyke van die distrik Albert 'n tak van die A.B.B.V. gestig. Die sesien artikels van die A.B.B.V. se konstitusie, wat onder meer die doelstelling en interne organisasie van die Vereniging omskryf het, is deur J. Joubert, H.P. Pelser en W.A. Smit opgestel. 'n Ontleding van die inhoud van die konstitusie toon dat die A.B.B.V. naas die ekonomiese en landboukundige belang van sy lede ook hulle politieke belang sou bevorder. So, byvoorbeeld, het artikel 9 bepaal dat voorligting aan die boere gegee sou word tydens parlementêre verkiesings ten einde laasgenoemde in staat te stel om vir die 'mees gesikte' kandidaat te stem.<sup>78</sup>

Die A.B.B.V. het spoedig die leidende Afrikaanstalige boerevereniging in die oostelike distrikte geword.

In 1879 het die *Di Afrikaanse Patriot* dié vereniging as die 'wakkerste en vurigste' van al die boereverenigings beskryf.<sup>79</sup> Die A.B.B.V. het hom met verskeie ekonomiese en politieke kwessies bemoei en in dié verband is verskeie petisies aan die Parlement gestuur.<sup>80</sup> In 1879 het die A.B.B.V. daarin geslaag om een van sy voorstaande lede en mede-opsteller van die vereniging se konstitusie, te wete J. Joubert, in die kiesafdeling Albert onbestrede tot die Parlement verkies te kry.<sup>81</sup> Die A.B.B.V. het ook 'n daadwerklike poging aangewend om groter eenheid tussen die Afrikaanstalige boereverenigings in die oostelike distrikte te bewerkstellig. Vir die doel is verskeie boereverenigings uitgenooi om afgevaardigdes in Maart 1880 na 'n vergadering op Burgersdorp te stuur. Dié vergadering was egter 'n volslae mislukking.<sup>82</sup>

Na 1881 het die meeste Afrikaanstalige boereverenigings in die oostelike distrikte gekwyn, hoofsaaklik omdat S.J. du Toit se Afrikanerbond waarvan die grondslae in 1879 gelê is en die eerste tak in Junie 1880 in die distrik Hopetown gestig is,<sup>83</sup> die politieke rol van die verenigings oorgeneem het. Die afwesigheid van 'n oorkoepelende organisasie by die boereverenigings het verder tot hulle agteruitgang bygedra. Veral na die uitbreek van die Transvalse Onafhanklikheidsoorlog in Desember 1880 het die Afrikanerbond vinnig veld gewen toe 'n nasionale bewussyn by die koloniale Afrikaners ontstaan het.<sup>84</sup> Gevolglik het die meeste boereverenigings geleidelik by die Afrikanerbond ingeskakel deur afgevaardigdes te stuur na kongresse van die Afrikanerbond wat of Graaff-Reinet (1-2 Maart 1882),<sup>85</sup> Cradock (12-15 September 1882)<sup>86</sup> en Richmond (22-25 Mei 1883)<sup>87</sup> gehou is. Die meeste Afrikaanstalige boereverenigings het

60. *De Zuid-Afrikaan*, 10.12.1868.

61. KAB, G.H. 18/3 Institutions: Colesberg Boerenvereeniging — P. Wodehouse, ongedateer (antwoord op dié brief, 28.12.1868).

62. *The Colesberg Advertiser and Northern Frontier Gazette*, 25.2.1882.

63. *De Zuid-Afrikaan*, 15.2.1881.

64. *Het Volksblad*, 24.1.1880.

65. *De Zuid-Afrikaan*, 20.3.1880.

66. *Het Volksblad*, 8.6.1880.

67. *Ibid.*, 19.1.1882.

68. *Di Afrikaanse Patriot*, 16.12.1881.

69. *De Zuid-Afrikaan*, 31.5.1881.

70. *Di Afrikaanse Patriot*, 11.3.1881.

71. *Ibid.*, 25.2.1881.

72. *De Zuid-Afrikaan*, 19.10.1878.

73. Kyk o.m. *De Zuid-Afrikaan*, 20.3.1880 en 21.4.1875; *Het Volksblad*, 8.6.1880.

74. Kyk o.m. *De Zuid-Afrikaan*, 5.2.1881.

75. *Ibid.*, 25.1.1882.

76. *The Cape Times*, 26.5.1883.

77. *Het Volksblad*, 31.12.1878.

78. *Di Afrikaanse Almanak vir 1880*, Regels van het Boerenbeschermingscomite van Albert; *The Burghersdorp Gazette and Aliwal North Advertiser*, 28.11.1879; J.D. DU TOIT, *Ds. S.J. du Toit in weg en werk* (Paarl, 1917), p. 151.

79. *Di Afrikaanse Patriot*, 28.8.1879.

80. Kyk o.m. CAPE OF GOOD HOPE, HOUSE OF ASSEMBLY, *Annexures to votes and proceedings* (A.37-'79); J. Joubert, W.A. Smit en J. van Aswegen — Speaker Legislative Assembly, 14.7.1879; *Ibid.* (A.65-'79); A.J. Greyling — Speaker Legislative Assembly, 14.8.1879.

81. *Di Afrikaanse Patriot*, 7.11.1879; *Het Volksblad*, 4.11.1879.

82. *De Zuid-Afrikaan*, 11.3.1880 en 1.4.1880.

83. DU TOIT, *op. cit.*, p. 152.

84. F.A. VAN JAARSVELD, Die ontstaan van Afrikanernasionalisme 100 jaar gelede, *Tydskrif vir geesteswetenskappe* 20(3), September 1980, pp. 227 en 229; *Die Burger*, 16.12.1980.

85. *The Graaff-Reinet Advertiser*, 4.3.1882.

86. *De Zuid-Afrikaan*, 19.9.1882; *Het Volksblad*, 19.9.1882.

87. *The Colesberg Advertiser and Northern Frontier Gazette*, 16.6.1883; *Di Afrikaanse Patriot*, 8.6.1883.

in die loop van 1883 by die Afrikanerbond aangesluit en is in die takke van die Afrikanerbond herorganiseer.

#### (b) Westelike distrikte

Voor 1878 is geen boereverenigings in die westelike distrikte van die Kaapkolonie gestig nie. Vir die steriliteit van die bestaande landbouverenigings, soos die Cape of Good Hope Agricultural Society, moet die boere in meerdere mate self geblameer word. Hulle was naamlik nie bereid om leiding t.o.v. dié verenigings se werksaamhede te neem nie omdat hulle van oordeel was dat dit die owerheid se verantwoordelikheid was.<sup>88</sup>

Die inisiatief om die eerste belang-organisasie vir boere in die westelike distrikte te stig, is in 1876 deur 'n groep Paarlse wynboere en Kaapse drankhandelaars geneem.<sup>89</sup> In die volgende jaar is die Zuid-Afrikaansche Wijnbouwersvereeniging in Kaapstad onder voorsitterskap van F.G. Goodliffe gestig. Die verbetering van die gehalte van Kaapse wyn was die belangrikste doelwit van die vereniging.<sup>90</sup> Die vereniging het egter spoedig by die wynboere in onguns geraak, veral omdat hulle ontevrede was oor die Vereniging se groot aankope van brandewyn in plaas van wyn.<sup>91</sup> Vanuit die staanspoor was daar ook wrywing tussen die oorwegend Afrikaanssprekende wynboere en die Engelssprekende drankhandelaars.<sup>92</sup> Gevolglik het die Vereniging geleidelik agteruitgegaan en in 1882 is hy bankrot verklaar.<sup>93</sup> Die Wynbouersvereeniging het nooit aan sy doel as 'n belang-organisasie vir die wynboere in die westelike distrikte beantwoord nie en gevolglik het daar by die boere 'n behoefte aan 'n boere-vereniging ontstaan.

Die stigting van die eerste boerevereniging in die westelike distrikte kan teruggevoer word na Februarie 1878 toe J.C. Molteno as premier van die Kaapkolonie deur die goewerneur, H.B.E. Frere, afgedank is oor sy hantering van die Oosgrensoorlog van 1877.<sup>94</sup> Hierdie optrede van die Imperiale owerheid het groot ontevredenheid onder die Afrikaners in die westelike distrikte veroorsaak, aangesien Molteno se aansien onder hulle besonder hoog was.<sup>95</sup> Die Afrikaners van die westelike distrikte is verder ontstig deur die aanstelling van J. Gordon Sprigg, 'n parlementslid afkomstig uit die Oos-Kaap, as nuwe premier. Die samestelling van Sprigg se kabinet het tot verdere ontevredenheid bygedra, aangesien op één na al die lede van die Oos-Kaap afkomstig was.<sup>96</sup> Gevolglik is die stryd tussen die westelike en oostelike gedeeltes van die Kaapkolonie wat die voorafgaande dekades gewoed het en uit botsende ekonomiese en politieke belang gespruit het, weer sterk na vore gebring.<sup>97</sup>

Kort na Sprigg se bewindsaanvaarding is die wynboere van die westelike distrikte geskok deur sy regering se voorneme om 'n aksynsheffing van twee sjelings per gelling op Kaapse brandewyn in te stel.<sup>98</sup> Hulle het heftig daarop gereageer omdat hulle dit as 'n uiters onbillike belasting beskou het. Tientalle brieue is aan die pers gerig<sup>99</sup> en verskeie protesvergaderings is gehou.<sup>100</sup> Vanweë dié kritiek het die regering besluit om die aksynsheffing van twee sjelings tot een sjeling te verlaag.<sup>101</sup> Hierdie toegewing het nie die wynboere tevreden gestel nie, want hulle het die passering van die aksynswet beskou as die hoogtepunt van 'n reeks voorafgaande gebeure wat die indruk by hulle gewek het dat die Britse en Koloniale regerings doelbewus die Afrikaners van die westelike deel van die Kaapkolonie wou benadeel.

Tydens die wynboere se agitasie teen die aksynsheffing is hulle teleurgestel deur die neutrale houding van sekere individue en instansies van wie hulle hulp verwag het, byvoorbeeld die bestaande landbouverenigings en

die Zuid-Afrikaansche Wijnbouwersvereeniging wat nie bereid was om die wynboere se protes-aksie te steun nie.<sup>102</sup> Gevolglik het daar by baie wynboere die behoeftie ontstaan om 'n organisasie te stig wat na hulle belang kon omsien, insluitende hulle politieke belang, omdat die aanvaarding van die aksynswet hulle vertroue in die parlementêre verteenwoordigers van die westelike distrikte laat verloor het.

Jan Hendrik Hofmeyr (Onse Jan), die invloedryke redakteur van *De Zuid-Afrikaan*, het die leiding geneem in die stigting van 'n belang-organisasie vir die Afrikaners in die algemeen en spesifiek vir die wynboere. Ten einde steun vir die voorgestelde organisasie te monster, het hy die aksynkwessie as aanknopingspunt gebruik. Kort na die passering van die aksynswet het Hofmeyr en H.P. du Preez, 'n produkeur van Kaapstad, 'n konsep-konstitusie vir die beoogde vereniging opgestel.<sup>103</sup> Op 12 Augustus 1878 het Hofmeyr die konsep-konstitusie op Stellenbosch aan 'n vergadering wat deur sowat twee honderd boere bygewoon is, voorgelees. Tydens die vergadering het hy verklaar dat die voorgestelde vereniging die belang van alle boere in die westelike distrikte, en nie slegs dié van die wynboere nie, sou bevorder. Die voorgestelde vereniging sou as De Zuid-Afrikaansche Boerenbeschermingsvereeniging (die Z.A.B.B.V.) gekend staan en sowel die ekonomiese as die politieke belang van die boere bevorder. In dié verband sou kandidate gedurende parlementsverkiesings gesteun word wat hulle vir die bevordering van die boere se belang beywer. Die hoofbestuur van die Z.A.B.B.V. sou in Kaapstad gesetel wees, en in elke distrik van die westelike deel van die Kolonie sou 'n tak gestig word.<sup>104</sup>

Sowat 'n maand later is die eerste tak van die Z.A.B.B.V. op Stellenbosch gestig.<sup>105</sup> Kort hierna is daar op verskeie ander dorpe in die Wes-Kaap takke gestig en teen die einde van Oktober 1878 was daar reeds genoeg fakke om die verkiesing van 'n hoofbestuur te regverdig. Op 31 Oktober is die eerste hoofbestuur in Kaapstad verkies en die konsep-konstitusie goedgekeur. Die hoofbestuur het uit eie geledere 'n uitvoerende komitee van vier lede saamgestel, naamlik G.J. de Korte (president), J.S. Marais (vise-president), H.P. du Preez (sekretaris) en

88. *De Zuid-Afrikaan*, 18.12.1875.

89. *Ibid.*, 22.11.1878.

90. KAB, G.H. 28/99 Enclosures to despatches to Secretary of State: F.G. Goodliffe – H.B.E. Frere, 28.2.1878, no. 48; *De Zuid-Afrikaan*, 2.6.1877.

91. *De Zuid-Afrikaan*, 16.2.1878.

92. *Ibid.*, 14.4.1877.

93. *Ibid.*, 21.11.1882.

94. Suid-Afrikaanse Biblioteek (S.A.B.), Kaapstad, Merriman Papers: J.X. Merriman – N.J. Merriman, 19.2.1878; G.M. THEAL, *History of South Africa X* (Londen, 1919), p. 104; WALKER (red.), *op. cit.*, p. 500; Cory Library, Grahamstad, Ms. 9739 Sprigg Papers: H.B.E. Frere – J.G. Sprigg, 9.5.1878.

95. THEAL, *op. cit.*, p. 105.

96. *The Cape Argus*, 9.2.1878.

97. G.M. THEAL, *History of South Africa VIII* (Londen, 1919), pp. 139 en 145.

98. *De Zuid-Afrikaan*, 19.6.1878.

99. Kyk o.m. *Ibid.*, 6.7.1878 en 13.7.1878.

100. Kyk o.m. *The Cape Argus*, 27.6.1878; *Het Volksblad*, 29.6.1878; *De Zuid-Afrikaan*, 22.6.1878, 29.6.1878 en 6.7.1878.

101. *The Cape of Good Hope Government Gazette*, 26.7.1878, no. 5824.

102. *De Zuid-Afrikaan*, 6.7.1878, 13.7.1878 en 17.7.1878.

103. Z.A.B.B.V., *Verslag van het hoofdbestuur, voorgelegd aan de eerste algemene jaartijdsche vergadering*, 21.10.1879, p. 4 (kopie in Carnegie-biblioteek, Stellenbosch); *De Zuid-Afrikaan*, 14.8.1878.

104. *Het Volksblad*, 13.8.1878; *De Zuid-Afrikaan*, 14.8.1878.

105. *De Zuid-Afrikaan*, 4.9.1878 en 11.9.1878.

J.C. Hofmeyr (tesourier). Die weglatting van J.H. Hofmeyr uit die uitvoerende komitee kom verrassend voor want hy was 'n vanselfsprekende keuse vir president. Hy het hom egter ooreenkomsdig sy politieke filosofie om nie aktief op die voorgrond nie, maar eerder agter die skerms te werk, nie vir dié pos beskikbaar gestel nie.<sup>106</sup>

Gedurende die volgende vyf jaar het die Z.A.B.B.V. tot 'n invloedryke vereniging gegroei en van 1878 tot 1883 is takke onder meer gestig op Stellenbosch,<sup>107</sup> Wellington,<sup>108</sup> Paarl,<sup>109</sup> Franschhoek,<sup>110</sup> Worcester,<sup>111</sup> Tulbach,<sup>112</sup> Montagu,<sup>113</sup> Swellendam,<sup>114</sup> Malmesbury,<sup>115</sup> Wynberg,<sup>116</sup> Caledon,<sup>117</sup> Prins Albert,<sup>118</sup> Beaufort-Wes,<sup>119</sup> Oudtshoorn,<sup>120</sup> George,<sup>121</sup> Uniondale,<sup>122</sup> Robertson,<sup>123</sup> Humansdorp,<sup>124</sup> Riversdal,<sup>125</sup> Heidelberg<sup>126</sup> en Ladysmith.<sup>127</sup>

Die Z.A.B.B.V. het aktief aan die 1878/79 algemene verkiesings deelgeneem. Gedurende dié verkiesings het die Z.A.B.B.V.-gesteunde kandidate daarin geslaag om ongeveer dertig persent van die setels in die Wetgewende Vergadering (laerhuis) en Wetgewende Raad (hoërhus) te verower.<sup>128</sup> Dit het die Z.A.B.B.V. in staat gestel om tydens die 1882-parlementsitting, met die steun van ander goedgesinde parlementslede, 'n aksynswysigingswetsontwerp in te dien en aanvaar te kry waarvolgens die spiritus wat wynboere produseer, vrygestel sou word van die aksynsheffing wat sedert 1878 gegeld het.<sup>129</sup> Die wylsing van die aksynswet van 1878 was die direkte gevolg van die Z.A.B.B.V. se agitasie teen die wet. Hiervan getuig onder meer die inhoud van 'n brief wat L. Smyth, die waarnemende goewerneur van die Kaapkolonie in 1883, aan die Britse Minister van Kolonies geskryf en waarin hy verklaar het dat die aanvaarding van die aksynswysigingswetsontwerp grootliks die gevolg van die Z.A.B.B.V. se teenkanting teen die wet was.<sup>130</sup>

Die Z.A.B.B.V. het hom ook met verskeie ander ekonomiese aangeleenthede bemoei wat vir die boere in westelike distrikte van belang was. So byvoorbeeld, is geprobeer om 'n laer Britse invoerbelasting op Kaapse wyn<sup>131</sup> en 'n beter bemarkingsbedeling vir wynboere te beding.<sup>132</sup> Op die politieke terrein het die Vereniging groot sukses behaal as kampvegter vir die erkenning van Nederlands as 'n voertaal van die Parlement.<sup>133</sup> Ander politieke kwessies waarby die Z.A.B.B.V. onder meer aktief betrokke geraak het, was die protes-aksie teen die Britse regering se aandeel in die uitbreek van die Transvaalse Onafhanklikheidsoorlog (1880-1881)<sup>134</sup> en die Kaapregering se hantering van die Basoetoland-vraagstuk (1879-1883).<sup>135</sup> Die beleid van die Z.A.B.B.V. met betrekking tot bogenoemde vraagstukke is normaalweg op die algemene jaarvergaderings van die Vereniging geformuleer. Dié jaarvergaderings het die hoofbestuur en die onderskeie takke die geleentheid gebied om verslag te doen oor alle aspekte van hulle werkzaamhede in die voorafgaande jaar en om hulle standpunte oor ekonomiese en politieke vraagstukke te stel. Die jaarvergaderings is ook gebruik om die administratiewe en finansiële sake van die Vereniging in orde te bring.<sup>136</sup>

Hofmeyr en ander leiers van die Z.A.B.B.V. het teen die einde van 1882 tot die gevolgtrekking gekom dat dit in belang van groter Afrikaner-eenheid in die Kaapkolonie wenslik was dat die Z.A.B.B.V. en S.J. du Toit se Afrikanerbond moes verenig. Gevolglik is onderhandelinge in dié verband met die Afrikanerbond aangeknop wat in Mei 1883 op die vereniging van dié twee organisasies uitgeloop het. Die nuwe organisasie het as die Afrikanerbond en Boerevereniging van die Kaapkolonie bekend gestaan.<sup>137</sup>

Dit is duidelik dat die boereverenigings wat ge-



J.H. Hofmeyr, J.S. Marais en J. Joubert

FOTO'S: KAAPSE ARGIEFBEWAARPLEK, KAAPSTAD

durende die 19de eeu in die Kaapkolonie gestig is (veral die Z.A.B.B.V.) baie effektief deur die boere aangewend is om bepaalde ekonomiese en politieke doelwitte te bereik. Aldus het die boereverenigings baie tot die politieke ontwaking van veral die Afrikaanssprekende Kolonialers bygedra. Die geskiedenis van die boereverenigings lewer bewys dat die ekonomiese en politieke belang van die boere gedurende die 19de eeu onafskeidbaar van mekaar was. □

106. Z.A.B.B.V., *Verslag van het hoofdbestuur, voorgelegd aan de eerste algemene jaarlijksche vergadering*, 21.10.1879, p. 7; *Het Volksblad*, 2.11.1878.
107. *De Zuid-Afrikaan*, 11.9.1878.
108. *Het Volksblad*, 29.8.1878 en 31.8.1878; *De Zuid-Afrikaan*, 13.11.1878.
109. *Ibid.*, 24.9.1878.
110. *De Zuid-Afrikaan*, 7.9.1878.
111. *Ibid.*, 14.9.1878 en 2.10.1878.
112. *Ibid.*, 5.10.1878.
113. *Ibid.*, 13.11.1878 en 24.11.1881.
114. *Ibid.*, 28.9.1878, 12.10.1878 en 25.10.1881.
115. *Ibid.*, 12.4.1879.
116. *Ibid.*, 11.9.1878.
117. *Het Volksblad*, 29.10.1878.
118. *Ibid.*, 17.10.1878 en 8.4.1880.
119. *De Zuid-Afrikaan*, 22.3.1881.
120. *Ibid.*, 11.8.1881.
121. *The Oudtshoorn Courant and Farmers' Friend*, 25.8.1881.
122. *De Zuid-Afrikaan*, 18.8.1881.
123. *Ibid.*, 20.10.1881.
124. *Ibid.*, 22.6.1882.
125. *Het Volksblad*, 17.10.1878.
126. *De Zuid-Afrikaan*, 19.10.1878 en 1.11.1881.
127. *Ibid.*, 13.11.1878.
128. T.R.H. DAVENPORT, *The Afrikaner Bond: the history of a South African political party 1880-1911* (Londen, 1966), p. 72.
129. CAPE OF GOOD HOPE, HOUSE OF ASSEMBLY, *Debates 1882*, pp. 59-61 en 113; CAPE OF GOOD HOPE, LEGISLATIVE COUNCIL, *Votes and proceedings 1882: Excise Duty Amendment Act*, 29.6.1882.
130. KAB, G.H. 26/73 Papers despatched to Secretary of State (general and confidential): L. Smyth — Earl of Kimberley, 20.7.1883.
131. Kyk o.m. KAB, C.O. 1088 Sundry Committees: P. Marais — J.G. Sprigg, 28.4.1879, no. 137.
132. Kyk o.m. Z.A.B.B.V., *Verslag van het hoofdbestuur, voorgelegd aan de eerste algemene jaarlijksche vergadering*, 21.10.1879, p. 6.
133. Kyk o.m. KAB, House of Assembly (H.A.) 784 Petitions: A.H. du Toit — Speaker House of Assembly, 8.4.1882, no. 57; KAB, H.A. 784 Petitions: Secretary Farmers' Protection Association Swellendam — Speaker House of Assembly, 18.3.1882, no. 32; *De Zuid-Afrikaan*, 1.4.1882.
134. Kyk o.m. *De Zuid-Afrikaan*, 29.5.1880; *Het Volksblad*, 21.12.1880; *Die Afrikaanse Patriot*, 4.3.1881.
135. Kyk o.m. *De Zuid-Afrikaan*, 2.11.1880; *The Echo and Humansdorp Advertiser*, 2.12.1882; KAB, Ongesorteerde groep (O.G.) 190 Legislative Council Petitions: C. de Smidt — Speaker Legislative Council, 6.8.1881, no. 50.
136. Kyk o.m. Z.A.B.B.V., *Verslag van het hoofdbestuur, voorgelegd aan de eerste algemene jaarlijksche vergadering*, 21.10.1879; Z.A.B.B.V., *Verslag van het hoofdbestuur, voorgelegd aan de vierde algemene jaarlijksche vergadering*, 25.8.1882 (kopie in S.A.B.).
137. *De Zuid-Afrikaan*, 29.5.1883, 31.5.1883 en 2.6.1883; *Het Volksblad*, 26.5.1883, 29.5.1883, 31.5.1883, 2.6.1883 en 5.6.1883.